basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2026

NOORD-KAAP

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word). Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: DRAMA

VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	• Hy moes gemeenskapsdiens doen. • Hy moes honderd/100 ure gemeenskapsdiens doen. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.2	• (By) Silwerkloofstalle • (Op) (Wilma se) perdeplaas • By Wilma *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.3	• Sy ma het min geld verdien. • Daar was nie geld vir 'n troeteldier/'n pop wat net eet en piepie nie. • Daar was nie geld om vir troeteldiere te sorg nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.4	• Wilma het Lucky gelos (om hek toe te hardloop). • Wilma het die prokureur gebel (om Lucky te kom haal). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.2	D/kan aanvoel of mense goed of sleg is.	1
1.3	Wilma	1
1.4.1	D/Lucky was kwaad omdat hy arm was.	1
1.4.2	C/Lucky het gespot oor sy ma wat werk toe loop.	1
1.4.3	E/Lucky het gevoel dat Wilma hom nie vertrou nie.	1
1.4.4	A/Lucky was ongeduldig met Lady Jane.	1
1.5	• Wilma het vir Lucky gewys wat hy moes doen. • Wilma het Lucky se selfoon gevat en in haar sak gesit. • Wilma het vir Lucky vertel van die kinders wat by haar kom perdry. • Wilma het vir die prokureur gesê dat Lucky by die grootpad vir haar wag. *(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)*	1 1 1 1
1.6.1	gesond	1
1.6.2	die beste van jou eie omstandighede moet maak	1

1.7	Wilma het … • hom meer as een kans gegee. • hom steeds laat terugkom plaas toe (al was sy kwaad vir hom). • vroeg die tweede Saterdag sy selfoon teruggegee. • nie vir die prokureur/mevrou Bekker vertel wat Lucky alles op die plaas verkeerd gedoen het nie/oor Lucky gekla nie. • vir mevrou Bekker/die prokureur gesê dat alles goed gegaan het. • vir mevrou Bekker/die prokureur gesê dat Lucky tyd nodig het (om aan te pas)/nog moet leer om te luister. Wilma ... • wou hê dat Lucky moet verander. • was geduldig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.8	• Lucky het nie Binki se toestemming gevra/gehad om dit te doen nie. • Lucky het geen reg gehad om dit te doen nie. • Binki se selfoon is haar persoonlike besitting. • Dit is elke mens se keuse om te besluit wie jy op jou kontaklys wil hê. • Lucky het nie Binki se privaatheid gerespekteer nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.9	Ek sou … • (ook) kwaad/gefrustreerd gewees het. • (ook) gevoel het dis onregverdig. • (ook) nie daarvan gehou het om die stalle skoon te maak nie. • (ook) negatief/vyandig gevoel het. • aanvaar het dat dit my straf is vir iets wat ek verkeerd gedoen het. • probeer het om positief te wees/uit my foute te leer/reg te maak wat ek verbrou het. • bang gevoel het want ek ken niemand daar nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.10	Die skrywer wys/beklemtoon … • Lucky se frustrasie omdat hy regtig nie weet wat om te doen nie. • dat Lucky nie gewoond was aan diere/troeteldiere nie. • Lucky se ongelukkigheid/woede (oor sy arm huislike omstandighede). • dat Lucky almal behalwe homself vir sy probleme blameer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.11	Dukie	1
1.12	• Binki se hondjie is dood (tydens die brand). • Binki het littekens (as gevolg van brandwonde). • Hulle huis het afgebrand. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.13.1	Sabrina	1

1.13.2	besigheidsvrou	1
1.13.3	naweke	1
1.13.4	twaalf	1
1.14	sarkasme	1
1.15.1	C/Binki het op haar eie klein takies op die perdeplaas gedoen.	1
1.15.2	E/Lucky het gedink dat Binki hom sou haat as sy weet wat hy aan diere gedoen het.	1
1.15.3	B/Binki se ma het die foon in haar oor neergesit.	1
1.15.4	D/Binki het besluit sy het haar ma nie nodig nie.	1
1.16	• Binki het niks verkeerd gedoen nie. • Binki se ma/Sabrina het haar by die perdeplaas gelos/gebêre/vir Binki gegril. • Binki se ma was te besig/het te hard gewerk (om aandag aan haar te gee). • Binki se ma was dikwels weg van die huis af en kon Binki nie alleen laat nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.17	B/wys wat die karakter op daardie oomblik doen.	1
1.18.1	was Binki bang vir die perde	1
1.18.2	tevrede	1
1.19	• Wilma kon nog 'n kind help/van perde leer/haarself help as sy Binki help. • Wilma het (aangename/rustige) geselskap gehad. • Binki het haar met die werk op die perdeplaas gehelp. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.20	Lucky het … • geleer dat ander mense ook probleme het/swaarkry. • geleer om ander mense/diere te respekteer. • sy (wrede) houding teenoor diere het verander. • nou sy ma se liefde/sorg waardeer. • geleer dat nie alle wit mense ryk is nie. • geleer dat nie alle ryk/wit mense sleg is/op arm mense neersien nie. • geleer dat geld jou nie gelukkig maak nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

1.21.1	Ek sou … • eerder met haar probeer vriende maak het/vriendelik met Binki gewees het. • Binki nie allerhande name genoem het nie. • nie lelike goed vir Binki gesê het nie. • nie oor goed gepraat het wat Binki hartseer maak nie. • nie my frustrasies op Binki uitgehaal het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat kan nie net die teenoorgestelde van die stelling gee nie).*	1
1.21.2	• Lucky het Binki glad nie geken nie/niks van haar omstandighede geweet nie. • Binki was altyd vriendelik/gaaf met hom. • Wilma het gesê Binki verdien nie sy goor houding/ boeliegedrag nie. • Dis verkeerd/lelik om ander mense ongelukkig/hartseer te maak/te terg. • Dis nie Binki se skuld dat hy gemeenskapsdiens moes doen/arm was nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

TOTAAL AFDELING A:	**40**

AFDELING B: KORTVERHALE

VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Verhaal A: "DIE WEDLOOP" – Pirow Bekker

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	(Met) Salmon (Steenkamp)	1
2.1.2	(By) ... • die atletiekbyeenkoms. • die byeenkoms tussen Blinkklip en Noordburg. • Noordburg. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.1.3	• Hulle moes nog aan die naellope deelneem. • Hulle mag nie voor die naellope eet nie. • Dit was teen die reëls. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.1.4	Vis wou hê hulle moes … • na sy/Vis se huis toe gaan. • na sy/Vis se Super Fast-baan gaan kyk. • (by sy/Vis se huis) met die karretjies gaan speel. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

2.2	C/sy grootste teenstander was.	1

2.3.1	B/Die atletiekonderwyser het geglo sy atlete sal die beste vaar.	1
2.3.2	D/Oom Drieman was so opgewonde dat hy op Salmon gewed het.	1
2.3.3	A/Vis was kwaad vir Salmon, want Salmon het gedink hy kies elke keer die vinnigste baan.	1
2.3.4	E/Salmon het baklei omdat hy bang en teleurgesteld was.	1
2.4	linkerbaan	1
2.5	• Salmon moes saam met die ander atlete in die koelte gaan rus. • Die twee seuns het by Vis se huis met die karretjies gaan speel. • Vis en Salmon is oor die luidspreker geroep om te gaan hardloop. • Vis het hulle eie wedloop met Salmon op sy rug gehardloop. *(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)*	1 1 1 1
2.6.1	goeie sportmangees	1
2.6.2	wen nie die belangrikste ding is nie	1
2.7	• Dit was Vis wat Salmon oorreed het om saam met hom na sy huis toe te gaan/met die karretjies te gaan speel. • Dit was Vis wat Salmon uitgedaag het om oor die draad te spring. • Vis het geweet dat ander mense hulle hoop op Salmon gesit het om te wen. • Salmon was Vis se sterkste opponent en hy wou nie die wedloop sonder Salmon hardloop nie. • Vis het goeie sportmangees gewys. • Vis het bewys dat alles nie net oor wen gaan nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.8	• Salmon het self besluit om saam met Vis te gaan. • Salmon het van beter geweet/kon nee gesê het. • Vis het Salmon nie gedwing om dinge te doen wat hy nie wou doen nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.9	Ek sou … • my ouers laat roep het om my te kom help. • my onderwyser laat roep het. • Vis vra om my na die noodhulptent toe te neem. • my voet toegedraai het. • self probeer het om terug te gaan skool toe. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

2.10	Die skrywer fokus op die feit dat … • Vis en Salmon/die twee seuns mekaar se sterkste opponente was. • die twee kinders as atlete wou weet wat om van mekaar te verwag/ wat hulle kans was om teen die ander een te wen. • die kinders bewus was daarvan dat dit vir die grootmense belangrik was dat hulle moes wen. • daar druk op die kinders geplaas is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.11	Die verteller se vrou … • was te siek om so ver te ry. • het 'n maagseer gehad. • sou te moeg word. *(Enige EEN of soortgelyk aan bognoemde)*	1
2.12	• Die man moes alleen met sy kinders ry./Die vrou/ma was nie saam in die motor nie. • Dit was donker/nag. • Dit het gereën. • Die wind het sterk gewaai. • Die pad was vol passe en draaie. • Die jongste kind was siek/koorsig. • Die aspirine was (later) klaar. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
2.13	D/Port Elizabeth	1
2.14	Personifikasie	1
2.15	• Die kinders ... o het gehuil. o was bang hulle ma gaan sterf. o het geskrik/was bang toe die motor nie verder kon ry nie. • Die kleinste een was siek/koorsig. • Die oudste seun moes saam met sy pa in die reën staan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.16.1	rooi	1
2.16.2	water	1
2.16.3	seun	1
2.16.4	aspirine	1
2.17.1	C/'n Geel Mini-stasiewaentjie het in die reën gestop om die gesin te help.	1

2.17.2	E/Die weldoener het saam met die insleepmotor gekom om die verteller se motor te sleep.	1
2.17.3	A/Die verteller het per ongeluk die weldoener se bril afgestamp.	1
2.17.4	B/Die weldoener het gesterf.	1
2.18.1	seker	1
2.18.2	hartseer	1
2.19	• Daar was baie mis. • Dit was moeilik om (in die mis) te sien. • Hy het 'n motor gesleep. • Dit was veiliger. • Hy moes nie roekeloos bestuur nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.20	• Hulle pa het gesterf. • Hulle was nou alleen. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.21.1	Ek sou … • seker gemaak het dat ek 'n noodhulpkissie/genoeg noodmedisyne in die motor het. • seker gemaak het dat ek goed vir noodsituasies in die motor het, bv. 'n flitslig. • gesorg het dat daar reënjasse vir almal is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.21.2	• 'n Mens moet altyd daaraan dink dat jy dalk teëspoed langs die pad kan kry. • 'n Mens moet in gedagte hou dat die weer skielik kan verander. • Enige bestuurder behoort altyd goed vir noodsituasies in die motor te hou. • Enige ouer behoort seker te maak dat daar warm klere, ens. in die motor is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

TOTAAL AFDELING B:	**40**
GROOTTOTAAL:	**40**

Kopiereg voorbehou